# Dien die eksegese nog die verkondiging?

PA Geyser

## 1. VERONTRUSTENDE ONTWIKKELINGS?

Die simposium wat deur die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap gereël is in Oktober 1982, en die neerslag van daardie simposium in hierdie bundel artikels het ten doel om met die predikante van die kerk in gesprek te tree oor enkele aspekte van die ontwikkeling op eksegetiese terrein. Die behoefte aan so 'n gesprek het 'n tweeledige agtergrond: eerstens, die ontwikkeling op die gebied van die eksegetiese metodologie tydens die afgelope twee of drie dekades het so vinnig geskied dat dit nodig geword het om by geleentheid met betrekking tot enkele aspekte daarvan op die hoogte gebring te word; tweedens, daar het so 'n iets van 'n argwaan by baie predikante ontstaan oor sommige van hierdie ontwikkelings wat miskien deels toegeskryf kan word aan onbekendheid en deels aan 'n reaksie oor vermeende resultate van sommige van hierdie eksegetiese metodes. Daar was al uitlatings oor die eensydigheid of die op loop raak met aspekte van sommige metodes; daar was al die gevoel dat al die ou weë nou afgemaak word ten gunste van nuwer eksperimente wat hulleself nog nie bewys het nie en wat bowendien al sommige baie twyfelagtige resultate opgelewer het; daar is selfs soms 'n misnoeë uitgespreek oor die afwyking van gebaande weë en 'n onwilligheid om selfs net kennis te neem van nuwere ontwikkelings.

Dit is begryplik dat daar so 'n reaksie kon wees. Sommige aspekte van hierdie ontwikkelings het inderdaad verontrustende gevolge opgelewer. Dit het ernstige vrae opgeroep in verband met vooronderstellings wat as vanselfsprekende uitgangspunte vir 'n groot deel van ons teologiese werk gegeld het. Sake wat in gedrang gekom het, was onder andere: die historiese geldigheid van Bybelse inhoude; die samehang (koherensie) van taal en betekenis; die gegewenheid of voor-hande-wees van 'n openbaring van God in die geskiedenis en die betroubaarheid van die verslag wat ons daaroor in die Bybel vind; die sekerheid en vaste sisteem van stewige hermeneutiese beginsels vir die vasstelling van die betekenis van Bybelse tekste in hulle historiese konteks en die vermoë van 'n sensitiewe interpreteerder om daardie vasgestelde betekenis vir die huidige situasie te verstaan sodat dit genoegsame betroubaarheid en oortuigingskrag het om mense werklik aan te spreek – kortom: almal aspekte wat die hele kwessie van eksegese en verkondiging deur die

kerk ten nouste raak. Wat nog verder bygedra het tot die vervreemding is dat die debat dikwels op die vlak van filosofiese, psigologiese of semantiese kwessies gevoer is. Dit het veroorsaak dat teoloë wat geen besondere kompetensie in sulke velde van die ondersoek het nie, skoon vreemd geraak het vir die gesprek.

Ward (1981:153) gee in 'n artikel, getiteld: "New Testament theology: retrospect and prospect", 'n bondige samevatting van hierdie probleem: "The debate moved away from the 'assured results' of theological exegesis, based upon carefully established texts and controlled by widely accepted principles of sound historical interpretation, to the question of language itself – the relationship of language and being, being and becoming, the nature of history, the nature of faith, time and eternity, and even the God of 'essence and pure being' versus the 'God of future' who is in the process of becoming." Bekommernis en onrus oor wat in sommige kringe van die wetenskaplike ondersoek as versekerde resultate aangebied word, is derhalwe begryplik in die konteks van 'n kerk wat die Bybel gebruik in 'n voorrangposisie as die bron en norm vir sy geloof en lewe, en waarin die rol van die Nuwe-Testamentiese dissipline onder andere gesien word as die daarstelling van eksegetiese resultate vir die sistematiese teologie en vir die verkondiging van die kerk.

Dit is egter 'n vraag of sulke gedistansieerde bekommernis en onrus vir ons sou beteken dat daar nie van hierdie nuwere ontwikkelings indringend kennis geneem hoef te word nie. Anders gestel: Kan ons op 'n verantwoordelike wyse teologie beoefen deur slegs op die klank af 'n bepaalde teologiese ontwerp of eksegetiese model af te skiet? Het ons werklik die indringende vrae ontkom wanneer ons maak asof hulle nie bestaan nie? Geen kerk in die reformatoriese tradisie sal homself op hierdie wyse aan die gesprek kan onttrek nie – en ons sal dit sekerlik allermins wil doen. Watter weg moet dan gevolg word?

Hierdie bundel referate is 'n poging om tot 'n antwoord op die gestelde vraag te probeer kom. Die bedoeling is om kennis te neem van die aard van die ontwikkelings op die gebied van die eksegese; om enkele interpretasiemodelle op die proef te stel; om resultate van eksegetiese metodes te weeg en binne 'n hermeneutiese model te akkommodeer of af te wys. Ons is van oortuiging dat daar nie op 'n wetenskaplike wyse met die Nuwe Testament omgegaan kan word sonder 'n metodologiese verantwoording waarin rekening gehou word met ten minste die histories-kritiese en teksimmanente benaderingwyses nie. Dit is dan veral die histories-kritiese en die teksimmanente benaderinge wat in die onderhawige bundel aandag kry. Daarmee word vertrou dat die leser begrip sal ontwikkel vir die interpretasie van 'n teks op enersyds die diakroniese werkwyse en andersyds die sinkroniese. Hoewel daar in die bundel breedvoeriger

ingegaan word op die besonderhede van hierdie benaderingwyses, word hier inleidend en baie kortliks met die oog op die problematiek soos hierbo geformuleer, enkele gedagtes oor die twee wyses van omgaan met die teks van die Nuwe Testament aan die orde gestel.

## 2. DIE HISTORIES-KRITIESE METODES

Dit sal miskien 'n baie versoberende uitwerking hê wanneer ons opnuut deeglik daarvan kennis neem dat die historiese kritiek inderdaad reeds bykans twee eeue lank aan die gang is. Die historiese kritiek is in die teologieë en kommentare waarmee ons die afgelope eeu gewerk het in mindere of meerdere mate verwerk. Iewers moet die vraag aan die orde kom of daar nie hier by ons in Suid-Afrika, soos ook elders in die wêreld binne ortodokse kringe, op grond van die afwysing van die negatiewe resultate van sommige histories-kritiese eksponente, te gemaklik by die hele saak van die historiese kritiek verbygestuur is nie. Kan 'n mens jouself uit hierdie debat uitfaseer, jouself isoleer en sodoende irrelevant word, terwyl die historiese kritiek, in die algemeen gesien, binne die teologiebeoefening in die wêreld aan die orde van die dag was en steeds is? Die rede vir ons isolasie in hierdie verband is waarskynlik toe te skryf daaraan dat ons historiese kritiek sonder meer met Skrifkritiek gelyk gestel het. Dit is egter noodsaaklik dat daar duideliker onderskei moet word tussen Skrifkritiek en die histories-kritiese ondersoek van die Bybel.

Skrifkritiek is as sodanig aan die een kant geen wetenskaplike benadering van die Bybel nie, maar eerder 'n bepaalde houding of ingesteldheid met betrekking tot die Bybel as gesagvolle Woord van God. Dit behels 'n kritiese (dikwels, afwysende) benadering tot die Bybel en sy inhoud, waarvolgens die mens aan die hand van selfgekose en rasioneel-verklaarde kriteria bepaal wat Woord van God is en derhalwe wat geloofwaardig is of nie. Dit is wel waar dat hierdie ingesteldheid by sommige ondersoekers by geleentheid gerugsteun word deur aspekte waarvoor hulle vanuit die historiese kritiek grond vind, maar dit maak hierdie twee sake nogtans nie sonder meer identies nie.

Die histories-kritiese ondersoek is aan die ander kant 'n versamelnaam vir 'n groep van metodes wat, as hoofsaaklik diakroniese aanpakwyses, trag om die tekste van die Bybel metodies-wetenskaplik te ondersoek. Aan hierdie metodes gaan die tekskritiek, oor die algemeen gesproke, vooraf waarin 'n mens probeer om so na as moontlik aan wat in die oorspronklike manuskripte van die Bybelskrywers staan, uit te kom. Verder behels hierdie metodes sake soos: literêre kritiek en bronneskeiding; die vormhistoriese ondersoek en

redaksiegeskiedenis. Dit is duidelik dat die aandag hierin gefokus is op die wording van die teks. Krentz (1975:51) haal WG Doty met instemming aan waar hy stel: "Doty correctly emphasizes that all these techniques (source, form, and redaction criticism) are used to clarify the dynamics at work in die production of the texts we have, not to replace them with some reconstrued earlier source or to discount the importance of authorship. They expose the processes of thought that went into the composition of the scriptural texts." Historiese kritiek is met ander woorde 'n versamelnaam vir daardie metodes wat op historiese basis hulle besig hou met die verstaan van die teks aan die hand van sy wording.

Dat hulle as metodes gebreke het, blyk al daaruit dat elkeen van hierdie metodes agtereenvolgens ontstaan het as verbeteringe, aanvulling of verfyning van voorafgaande metodes. Dat elkeen van hierdie metodes egter ook legitieme vrae aan die teks stel, is net so seker. As metode(s) moet die historiese kritiek as 'n invalshoek tot die teks beoordeel word. Dit stel spesifieke vrae aan die teks – daarom moet dit as metode(s), en ook die kritiek daarop, nie oorspan word nie asof dit meer, ander en dieper antwoorde kan verskaf as dit wat geantisipeer word in die vrae aan die teks eie aan die histories-kritiese metode(s). Verskillende antwoorde op respektiewelik verskillende vrae word met behulp van respektiewelik verskillende metodes verkry (Van Aarde 1980:5).

Solank as wat daar deeglik rekening gehou word met hierdie werklikheid, naamlik dat die histories-kritiese metodes historiese vrae aan die orde stel wat ook elkeen sy eie invalshoek verteenwoordig, en dat elkeen van hierdie metodes sy beperkinge het en nie meer inligting kan verskaf as wat daar antwoorde op die vrae is wat hy stel nie, kan die ondersoeker gevrywaar word teen die gevaar om in 'n historisme of 'n histories-positivisme te verval. Laasgenoemde "ismes" het wel voorgekom in die geskiedenis van die ondersoek en dit het gelei tot die degradering van die Bybel en die ontkenning van sy gesag op grond van sogenaamde "historiese" besware. Dit het ook daartoe gelei dat die Bybel op 'n ander wyse gelees en ook wetenskaplik bestudeer is as wat die gebruiklike "konfessionele" metodes voorgeskryf het. Soos ander geskrifte is die Bybel ook aan kritiese vrae onderwerp, soos byvoorbeeld oor die historiese betroubaarheid van die evangelieverhale, die egtheid van Jesuswoorde, die outeurskap van die verskillende boeke en briewe. Vanuit hierdie positivisties-historiese vertrekpunt was die uitgangspunt vir sodanige histories-kritiese ondersoek van die Bybel 'n twyfel oor die betroubaarheid van die tradisie.

Vanaf die tyd toe die taal van die Bybel (kennis van Hebreeus en Grieks), die wêreld waarin die Bybel ontstaan het (kultuur-historiese agtergrond) en die geskiedenis van die teksoorlewing (teksgeskiede-

nis en -kritiek) deur bestudering beter bekend geraak het, is die oë geopen vir die menslike karakter van die Bybel. (En dit het helaas soms, nie altyd nie, gelei tot die vermindering of ontkenning van die status van die Bybel as Woord van God.) Sedert dié tyd het die Bybel sy plek ingeneem in die geskiedenis. Dit wil sê, die Bybel het op allerlei wyses verbonde blyk te wees met die geskiedenis en met die wêreld waarin dit ontstaan het.

Met die ontwikkeling van 'n wetenskaplike wêreldbeeld het dit duidelik geword dat dié nie ooreenstem met die Bybel se beeld nie – dit geld ruimtelike ordening sowel as historiese sake. Op grond hiervan het die insig gekom dat die geskiedenis van die mensheid nie meer aan die Bybel ontleen kon word nie (vgl. die rapport van die Gereformeerde Kerken Nederland 1981:33–40 oor Skrifbeskouing). Vandag is ons van oortuiging dat dit 'n denkfout is om die gesag van die Bybel as Woord van God afhanklik te maak van moderne kriteria aangaande historiografie.

Indien dit in die literatuur wat bestudeer word, nie gaan om die aanbieding van naakte feite in 'n positivistiese samehang van oorsaak en gevolg nie, gaan dit sekerlik ook nie op om die betroubaarheid van sodanige literatuur af te skiet op grond van kriteria wat vir daardie literatuur nie ter sake is nie. In hierdie geval het ons besonderlik die Bybel in gedagte ten opsigte waarvan 'n stel "moderne" historiese kriteria 'n anakronisme daarstel. Ten spyte van 'n aantal gevare en slaggate waaraan die histories-kritiese metode onderwerp is, staan ons tog voor die onafwendbare werklikheid dat ons in die Bybel as 'n bundel literatuur met 'n historiese dokument te make het en historiese vrae kan alleen met behulp van historiese metodologie bestudeer word.

Die positiewe waarde van die historiese kritiek kan gemeet word aan een van die fundamentele vertrekpunte in die eksegese van enige literatuur, ook dié van Bybelse tekste, dat die eksegese aan die teks self gehoorsaam moet wees. Dit beteken dat die teks self die interpretasie daarvan moet bepaal. Anders gestel: dit beteken dat die verstaan van die teks 'n ondergeskiktheid aan die teks self impliseer – daar moet dus na die teks geluister word met alles wat dit van ons eis. Nou sal daar seker nie meer vandag enigiemand wees wat sou wil beweer dat die histories-kritiese metodes aan hierdie eis dat daar voluit na die teks self geluister moet word, volledig voldoen nie. Inteendeel, die beperkinge word besef en die soeke na beter eksegetiese modelle gaan voort. Maar in tweërlei opsig het die histories-kritiese metodes tog ingrypende winspunte opgelewer: eerstens, dit het die nodige afstand tussen leser en teks help definieer en omlyn; tweedens, dit lewer 'n bydrae om hierdie afstand tussen leser en teks te help oorbrug. Albei hierdie aspekte

voldoen aan die gestelde vertrekpunt dat die interpretasie aan die teks gehoorsaam moet wees.

In die eerste plek word die Bybelse tekste ernstig geneem as tekste of woorde vanuit 'n ander wêreld, te wete dié wêreld wat gestalte gekry het in die geskiedenis en kultuur van oud-Israel en die vroeë Christelike kerk. Vanuit hierdie hoek gesien, vereis dit van die interpreteerder om die tekste as sodanig te erken as "vreemde" dokumente vanuit 'n ander tyd en lewensruimte. In die tweede plek lewer hierdie metodes 'n bydrae deurdat dit in die behoefte voorsien om die distansie tussen die moderne leser en die teks te help oorbrug. Dit doen hierdie metodes deurdat dit vir die kontemporêre leser die antieke teks met sy besondere geskiedenis in konteks plaas en sy vreemde taal en kultuur op só 'n wyse vertaal dat daar ook nabyheid tot stand kan kom. Ons ontkom op geen manier die eis dat tekste vanuit die verlede eers in terme van hulle historiese betekenis geïnterpreteer moet word – in terme van wat hulle vir hul eie tyd te sê gehad het – as ten minste een stap om tot die verstaan van hulle betekenis vir die hede te kan kom nie.

Die antwoorde wat deur middel van hierdie metodes opgelewer is, het nie al die antwoorde bevat waarop gehoop is nie – ons het dit reeds gestel: hulle kon uiteindelik slegs antwoorde bied vir dié vrae wat aan die teks gestel is. Daarom, hoe belangrik hierdie metodes ook al is, hulle is nie voldoende vir die interpretasie van die Bybel nie. Geskiedenis en teologie is nie eenvoudig maar onder een noemer te bring nie en daar is seker weinig eksponente van die histories-kritiese skool wat nie die behoefte aan iets meer, iets bykomends – hoe dit ook al gedefinieer word – sal ontken nie. Die soektog gaan daarom voort en daar is ook ander invalshoeke met die oog op die interpretasie van Bybelse tekste ontgin, soos byvoorbeeld die teksimmanente benadering. Die artikel van prof JJ Engelbrecht in die onderhawige bundel bespreek hierdie gang vanaf 'n historiese na 'n teksimmanente benadering. Prof JH Barkhuizen gee 'n kort uiteensetting van die linguistiese grondslae van moderne teksinterpretasie.

## 3. DIE TEKSIMMANENTE METODES

Die uitgangspunt dat daar voor die teks gebuig moet word en dat die teks self die interpretasie daarvan moet bepaal, het weliswaar, soos reeds vermeld, as uitgangspunt in die histories-kritiese benadering gefunksioneer, maar dit was miskien juis hierdie kriterium wat bepaalde leemtes in daardie metodes aan die lig gebring het. Die besef het gegroei dat die histories-kritiese metodes veel meer met die geskiedenis van die teks worstel as met die teks self. Dit het die weg gebaan vir 'n ander benaderingwyse wat breedweg bekend

geword het as 'n teksimmanente of sinkroniese benadering. In hierdie proses het die besef van die betekenis van taal, die insigte vanuit die linguistiek en by name die semantiek, en die bydraes vanuit die literatuurwetenskap wat 'n suiwerder literêre benadering aan die orde gestel het, op 'n besondere wyse daartoe gedien dat daar meer as ooit besef is dat die teks self tot spreke moet kom – dit wil sê, dat daar na die teks "geluister" moet word sodat daar by sinvolle interpretasie uitgekom kon word. Om tot 'n definisie van teksimmanente eksegese te kom, is nie 'n maklike taak nie. Hieronder word ook nie 'n enkelvoudige metode verstaan nie, maar eerder 'n verskeidenheid van metodes wat met mekaar wel dit in gemeen het dat hulle op een of ander wyse in verband staan met 'n "struktuur" wat in die teks aangedui kan word.

Patte (1976:1), byvoorbeeld, begin sy uiteensetting van "strukturale eksegese" soos volg: "We designate as 'structural exegesis' that which employs those exegetical methods which are deliberately derived from the methodologies of the linguist Ferdinand de Saussure, and of the anthropoligist Claude Lévi-Strauss." Die artikel van prof GMM Pelser oor die "strukturale benadering" van AJ Greimas is 'n aanduiding van daardie "metodes" waarna Patte hierbo verwys. Hierdie tipe struktuuranalise het nie die "linguistiese strukture" in die oog, soos wat dit die geval by die Suid-Afrikaanse redevoeringsanalise (kyk Louw 1976) is nie. Dit hou hom besig met wat bekend staan as "narratiewe strukture", asook die dieperliggende "simboliese strukture" van menslike gedagtegange wat volgens Lévi-Strauss grondliggend is aan alle mites en verhale wat vertel word.

In hierdie bundel word daar gefokus op die evangelies. Baanbrekerswerk word in hierdie dekade gedoen op die terrein van evangelienavorsing. Invloede vanuit die literatuurwetenskap (in besonder die Russiese Formalisme en Amerikaanse New Criticism) het deurgewerk in 'n verstaansmodel wat as die "vertellersperspektief"-analise bekend geword het. Dié benaderingwyse hou rekening met die stand van die jongste navorsing oor wat die genre van 'n "evangelie" is, naamlik dat dit 'n "vertelling" is en hoe die evangeliste as vertellers met die beskikbare tradisies te werk gegaan het. Opwindende vergesigte is reeds geopen en is besig om oop te gaan. Dr AG van Aarde bied 'n uiteensetting van hierdie moderne literatuurteoretiese benadering in die eksegese van die evangelies.

Hiermee word nie gesê dat die laaste woord gespreek is of dat alle ander metodes van vroeër waardeloos is nie. Die besef is lewendig dat elke metode beperkings het en dat die volmaakte sleutel tot die verstaan van die evangelies nog nie voorhande is nie. Geen metode mag oorspan word om meer te wil sê as wat dit as wetenskaplike aanpakwyse kan verantwoord nie.

Ons wil die vertroue uitspreek dat hierdie simposium en die gebundelde referate as stimulant sal dien tot deelname aan die worsteling om die evangelies met hul ryke en unieke inhoud vir die kerklike verkondiging te ontsluit. Die antwoord op die vraag wat aan die begin gestel is of die eksegese nog die verkondiging dien, is myns insiens 'n duidelike ja. Dít is wat in die jongste stand van die navorsing juis gedien wil word: dat die teks – en in hierdie geval die evangelies – tot outentieke spreke sal kom vir die kerk van vandag.

## 4 LITERATUURVERWYSINGS


Gereformeerde Kerken Nederland 1981. *God met ons. Over de aard van het Schriftgezag*. Utrecht: Tijl-Libertas. (Special Kerkinformatie 113).

Krentz, E 1975. *The historical-critical method.* Philadelphia: Fortress.

Louw, JP 1976. *Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks.* Pretoria: Beta.

Patte, D 1976. *What is structural exegesis?* Philadelphia: Fortress.

Van Aarde, AG 1980. Die eksegetiese metodeleer van die Sinoptiese Evangelies. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde studiegids).

Ward, WE 1981. New Testament theology: retrospect and prospect. *Review and Expositor* 78, 153–68.